

Mirtehof
IS PLAASTUIN-ADEL

'n Paradystuin van oorvloed, kleur,
teksture en geur.

Soos ‘n trotse boervrou haar beste familiesilwer en tafellinne uithaal wanneer sy ‘n gebakte skaapkop aan haar kuiergaste voorsit, sit hierdie Karootuin sy beste voetjie voor vir besoekers.

TEKS Anna Celliers

Baie moeite het in die beplanning ingegaan om gelaagdheid en 'n ou deurleefde karakter te skep, en so gaan formele plaveisel in die siertuin oor na klipgruis en later net deklae waar die uitleg minder formeel is.

In 'n vrugbare vallei gevoed deur waterstrome vanaf die Noordelike hange van die manjefieke Swartberge, blom 'n plaastuin wat die spreekwoordelike 'barheid' van die Groot Karoo totaal weerspreek…

Een van die digter en skrywer, C. J. Langenhoven, se gesegtes was: "Daar is mense wat kan doen wat hulle wil, maar dit is die wat wil doen wat hulle kan". Hierdie stukkie filosofie, kan nie 'n meer tasbare bewys wees as die pragtuin van die Mirtehof landgoed in Prins Albert, wat in net sowat twee-en-'n-halfjaar van niks af opgebou en aangeplant is nie.

Prins Albert het 'n ryk geskiedenis wat selfs 'n goudstormloop en koninklike invloede insluit, en eens die woonplek was van baie eksentrieke

"Die waarde van die koelte is in die warm son rondom hom"

– C.J. Langenhoven



en rare karakters. Deesdae is dit die toevlugsoord van kunstenaars en kreatiewe siele wat die klatergoud van groot stede verruil het vir 'n landelike bestaan op die platteland.

Een van die huidige eienaars van Mirtehof, dr. Bets Janse van Rensburg, het 'n lang verbintenis met Prins Albert en toe die eiendom in die mark kom, het sy en haar gade Stevan Möller dit gekoop met die doel om dit te omskep in 'n gastehuis en later as aftreeplek. Na verbouings aan die opstal en die aanbou van losstaande gastehuisies, het hulle begin beplan aan Bets se droomtuin – ter herinnering en viering van die blomryke plaastuine van haar kinderjare. In die Fransie Pienaar-museum op die dorp, het Stevan op ou briewe van meer as 'n 100 jaar gelede afgekom wat die tuin van Mirtehof toe beskryf het as 'n lushof van rose, tuinblomme en vrugtebome. Dié tuin het egter gesneuwel tydens die volstruisbloeitydperk.

Die enjinkamer is gestook!

'n Veerkragtige span het aan die werk gespring om aan 'n tuinspasie van 2500 m² struktuur te gee. Saam in hierdie span was Stevan met 'n landbouagtergrond, wat 'n produktiewe tuin met groente, kruie en vrugtebome wou hê. Bets, die patoloog en kunstige, wou haar liefde vir blomme in ouwêreldse oorvloed en geilte uitbeeld. Professionele landskapkunstenaar Rentia Verster, het haar jarelange kennis van sterk tuinstruktuur en logiese ruimtelike gebruik ingespan op haar tipiese "gaan

groot en wyd, maar nie oordonnerend nie!". Boukontrakteurs Adan Liepner en Neels Swart van Agri-Eco-Earth het die harde elemente soos paadjies, priële, afdakke, waterelemente en ander tuinstruksture gebou en ekoloog Sue Milton-Dean van Renu Karoo, het haar insette oor endemiese Karooplante gelewer.

Uitdagings en oplossings

'n Harde klimaat met versengende somerson, koue winde en ysige winters gaan inderdaad 'n uitdaging wees vir 'n tuinier wat 'n glorieryke plaastuin wil skep. Rentia het hierdie probleme oorkom deur windskerms en baie geharde inheemse bome aan te plant as beskutting. Om die tuin meer koesterend te maak, het sy die spasie opgedeel in verskillende tuinkamers en vertikale strukture soos priële, afdakke, en tuinboë te laat bou wat vinnig toegerank kon word deur beide immergroen en bladwisselende rankplante asook rankrose. Hierdie oplossings het 'n tweeledige doel – dit verskaf private en intieme sithoekies en tuingebiede vir gaste, sowel as broodnodige somerkoelte vir ander plante.

Groot dele van die tuin bestaan uit 'n netwerk van breë en gemaklike tuinpaadjies wat areas met opgeboude beddings en houtkratte waarin seisoenale groente gekweek word, met mekaar verbind. Die klippe en hout wat vir die bouwerk gebruik is, is uit die omgewing verkry. Die opgeboude beddings en kratte vergemaklik dan ook die onderhoud van die tuin.

Die weligheid van al die plante in hierdie tuin kan hoofsaaklik toegeskryf word aan goeie grondvoorbereiding. Mildelike vragte kompos is ingewerk in die klipperige sand- en kleigrond, en geen oop areas word toegelaat sonder 'n organiese deklaag van boombas, perskepitte of strooi nie. Laasgenoemde help ook om onkruid te smoor en hou die plante se wortels koel en die grond klam. Organiese deklae beskerm natuurlik ook die grondorganismes teen die son en uitdroging.

Nou, wat van waterbesparing?

Waterfiskale en doemprofete gaan dalk al die blommeweelde so bekyk, en dadelik dink hier word dalk onoordeelkundig met water gemors. Wel, dis glad nie die geval nie!

'n Koel somershuisie langs die paddadam.

Naby die opstal is die siertuin meer georden met formele beddings en strukture vanwaar die tuin ontspanne vloei na die oorvloed van die groentetuin, boorde en landerye.

Rose ter herinnering...

Die pragtige rose vereer ook vir C.J. Langenhoven wat in 1894 verlief was op, en verloof was aan Helena de Vries, die dogter van 'n vorige eienaar van Mirtehof. Haar vader het egter 'n wig in die verhouding ingeslaan omdat hy nie vertroue in Langenhoven se lewe en loopbaan gehad het nie.

'n Formele dam met 'n bronsbeeld geskep deur Jacques Fuller.

In die eerste plek is daar gebruik gemaak van sonering in die tuin waar waterliefhebbers na-aan die opstal en meestal in potte en balies geplant is wat gereeld met die hand, grondlangs natgelei kan word. In die medium tot laer waterverbruiksone moet 'n mens let op die plante wat herhalend en met groot kunstigheid gebruik is.

Hierdie plante is ou en geharde tuingunstelinge en staatmakers wat enige Karoo-tuin kan laat blom, en wanneer hulle eers goed gevestig is, gebruik hulle verstommend min water.

'n Kort plantlys

"Hierdie tuin wissel dwarsdeur die jaar met blomme, teksture en blare - dis 'n absolute natuurkonsert!" – Rentia.

- **Vrugtebome:** vye, granate, lietsjies, mango's, pekanneute, amandels, perskes, lemmetjies en ander sitrus (meestal in balies geplant), kwepers, appelkose, pruime en koejawels.
- **Rankplante:** Druiwestokke, sterjasmyne, Mexikaanse trompetblomme, bougainvilleas, kanferfoelies, gouereën, grenadellas, perskransies, swartoognooi en bloureën.
- **Rose: 'Granny's Delight'**, '**Karoo'**, **'Gold Bunny', 'Just Joey'**, **'Coral'** en **'Papaya'** Panarosa, **'Ubuntu'** Panarosa, **'Vodacom'** en **'King David'**.
- **Struike en heinings:** Spekbome, blousyselbosse, Kaapse kanferfoelie, wildedagga, noem-noem, mirte, trots van Indië, meidorings, krismisrose en asaleas.
- **Meerjariges en grondbedekkers:** Botterblomme, laventels, agapanthus, purperwinde, vygies, brakvygies, osteospermums, felicias, erigeron, papierblomme, malvas, boslelies, aspersievarings, dekriet, fonteingras en skouspelagtige artisjokke.

Die waterbronne vir Mirtehof se tuin is drie boorgate wat 'n groot gronddam voed en leiwaterbeurte uit die Swartberg. Hierdie water is natuurlik ook deel van die onderbou van die tuin met 'n swembad vir gaste, formele waterelemente, fonteine, 'n paddadam en 'n watervoor wat dwarsoor die tuin kabbel en 'n afkoelende effek het.

Gaan kyk self

Mirtehof Guest Farm Estate
Tel. 023 541 1199
info@mirtehof.co.za
www.mirtehof.co.za
Rentia Verster Landscaping,
tel. 082 573 5536
versterrentia@gmail.com
Agri-Eco-Earth Tel.
Adan Liepner, 083 286 1957

Ou elemente is ingebring en word oral uitgestal soos vaatjies waarin dahlias, frangipanis, hibuskusse, noem-noems, strelitzias en sterjasmyne geplant is.